# GKSA NUUSBROKKIES

## Sondag 12 Januarie 2020

### LIEF EN LEED

**Beterskapwense**

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

**Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore en eggenotes met hul verjaarsdae**

| | |
|---|---|
| 10 Januarie | Mev ZR Nkili (Zondiwe), eggenote van ds MJ Nkili (Jafta) – GK Khutsong |
| 10 Januarie | Mev A Meijer (Anne), eggenote van ds GP Meijer (Gerben) – GK Waterkloofrand |
| 11 Januarie | Ds MAF Kruger (Andries) – GK Alberton |
| 11 Januarie | Prof FP Kruger (Ferdie) – TSP |
| 11 Januarie | Ds AP Tredoux (Alwyn) – GK Kemptonpark-Noord |
| 11 Januarie | Mev AM Grobler (Annemie), eggenote van ds JH Grobler (Hans) – GK Bloemfontein-Suidheuwels |
| 12 Januarie | Mev J du Plessis (Jacky), eggenote van ds AN du Plessis (Nikla) – GK Worcester |
| 13 Januarie | Dr GJ Meijer (Gerard) – GK Oos Moot |
| 13 Januarie | Ds LM Floor (Marcel) – GK Sasolburg |
| 14 Januarie | Ds HG Schutte (Garrie) – GK Suidkus |
| 14 Januarie | Ds J Dunn (Johan) – GK Keetmanshoop/Mariental |
| 15 Januarie | Ds P Venter (Piet) – GK Potchefstroom-Oos |
| 15 Januarie | Mev C Henning (Carlizé), eggenote van ds JAG Henning (Kosie) – GK Harrismith |
| 16 Januarie | Prof R Goede (Roelien), eggenote van prof H Goede (Hennie) – TSP |
| 16 Januarie | Mev K Lourens (Karen), eggenote van ds MJ Lourens (Thys) – GK Nelspruit/Barberton |

**Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaarsdae**

| | |
|---|---|
| 10 Januarie | Mev L Hattingh (Lydia), eggenote van ds GA Hattingh (Gert) – GK Randburg |
| 10 Januarie | Ds JA Schutte (Johan) – GK Sasolburg |
| 10 Januarie | Mev MA Temba (Manotsi), weduwee van ds NS Temba (Simon) – GK Phuthadithaba |

| | |
|---|---|
| 12 Januarie | Mev JA Vorster (Hannetjie), eggenote van prof JM Vorster (Koos) – TSP |
| 13 Januarie | Dr JP Bingle (Johannes) – GK Windhoek |
| 14 Januarie | Mev R van der Vyver (Rita), weduwee van ds LS van der Vyver (Lou) – GK Wierdapark |
| 14 Januarie | Mev IH Marais (Isabel), eggenote van ds J Marais (Kobus) – GK Nigel |
| 14 Januarie | Mev A Aucamp (Andre), eggenote van ds RG Aucamp (Roelie) – GK Middelburg (Oos Kaap) |
| 14 Januarie | Ds DF Coetzee (Dawid) – GK Piet Retief |
| 14 Januarie | Mev MM van der Walt (Marie), eggenote van dr SJ van der Walt (Kobus) – GK Bloemfontein-Suid |
| 15 Januarie | Mev MCM van der Walt (Marie), eggenote van ds HB van der Walt (HB) – GK Pietersburg-Noord |
| 16 Januarie | Ds PJJ van der Walt (Philip) – GK Brits-Wes |

**Hartlike gelukwense aan die volgende teologiese student met sy verjaarsdag**

11 Januarie Johny Mofokeng

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

**Gelukwense aan**

Teologiese student Francois en Emogene Meiring met die geboorte van hul dogtertjie.

Ds Abri en Dalize Pelser, GK Bethlehem, met die geboorte van hul kleindogter.

Ds Abie en Magrieta Pelser, GK Oos Moot, met die geboorte van hul agterkleinkind.

# KERKLIKE ADMINISTRASIE

**Beroepe aanvaar**

- Proponent R Boersema (Reinhart) na GK Vryburg
- Ds HJ Briel (Hennie) van GK Petrusburg/Boshof na GK Kimberley
- Proponent MD Meijer (Dirk) na GK Bloemburg

**Beroepe bedank**

- Proponent MD Meijer (Dirk) na GK Daspoort
- Ds OJ Struwig (Ockie) van GK Frankfort na GK Pretoria

## Bevestigings



Die bevestiging en intreepreek van **proponent Hendrik Verryn**, GK Potchefstroom-Suid, vind plaas op Sondag 12 Januarie 2020. Die bevestiging sal hanteer word deur ds Zander van't Zand van GK Middelburg (Tvl).

Die bevestiging van **ds Gerben Meijer**, GK Waterkloofrand, vind plaas op Saterdag 18 Januarie 2020. Die bevestiging sal hanteer word deur sy vader, dr Gerard Meijer van GK Oos Moot.
Ds Gerben Meijer lewer sy intreepreek Sondag 19 Januarie 2020.

Die bevestiging en intreepreek van **ds Lourens Venter**, medeleraar van GK Centurion, vind plaas op Sondag 19 Januarie 2020. Die bevestiging sal deur ds Gerrit Kruger van GK Centurion hanteer word.

**Veranderinge in kontakbesonderhede**

**GK Boksburg**
Ds Daan Bakker, emerituspredikant, verhuis na Potchefstroom. Straatadres: Villa Stephanie 14, Hattinghstraat 57, Baillliepark, Potchefstroom, 2531.

**GK Innesdal**
Dr Wikus Buys se selnommer het verander na 061 254 3669

**GK Ladysmith**
Ds Blok Franck se e-posadres het verander na blokfra@gmail.com
Die Telkomlandlyn is gekanselleer.
Selnommer is 084 580 2279

**GK Pretoria-Rooiwal**
Dr Attie Bogaards, emerituspredikant, se e-posadres het verander na troos333@gmail.com

**GK Warmbad**
E-pos het verander na warmbadadm@gmail.com
Telefoonnommer vir die kantoor is 014 013 0015

# PROPONENTE BEROEPBAAR GESTEL

**Proponent R Steyn (Ruan)**
**Sel: 072 818 4439**
E-pos: steyn.ruan1@gmail.com

Ruan en Zonika

**Proponent J van Schaik (Hanno)**
Sel: 072 105 3961
E-pos: hanno1463@gmail.com

Hanno en Lizaní

**Proponent GJ Venter (Jonker)**
Sel: 082 566 3216
E-pos: venterjonker@gmail.com

Jonker en Erika met Alexander en Clarinda

**Proponent P Mkupa (Phumlani)**
Sel: 078 335 8753
E-pos: phumlanimkupa88@gmail.com

**Beroepbaarstelling van ds MJ Nkili ingevolge KO, art 11**
**Ds MJ Nkili (Jafta)**
Sel: 086 636 8212 / 076 489 8601
E-pos: nkilijafta@gmail.com

Beroepbaarstelling is geldig tot 31 Augustus 2020

**GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI**
**FRANSE MEDIABEDIENING**

Die Franse Mediabediening van die GK Rietvallei staan onder leiding van Ds Eric Kayayan wat die Evangelie deur die media aan Franssprekendes in Afrika, Frankryk en Armenië bedien. Die FMB is ‘n gesamentlike aksie van GK Rietvallei en RFL-Amerika en word in terme van ‘n bedieningsooreenkoms bestuur. Die inisiatief word finansieel ook deur enkele ander Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ondersteun.

Ds Kayayan, wat in Frankryk woonagtig is, besoek Suid-Afrika jaarliks gedurende Januarie waartydens hy dan by verskeie kerke optree. So ‘n besoek is vir 11 tot 28 Januarie 2020 gereël. ‘n Vergadering van belanghebbendes en alle ander belangstellendes word vir Saterdag 18 Januarie 2020 om 08:30 by Rietvallei gereël, waartydens Ds Kayayan verslag sal doen oor sy werksaamhede in die Franse Mediabediening.

Alle belangstellendes is welkom om hierdie inligtingsessie by te woon.
Datum: 18 Januarie 2020
Tyd: 08:30 – 11:00
Plek: GK Rietvallei, Umgenistraat 359, Erasmuskloof X4, Pretoria.
Navrae: Klaas Steyn (Skriba) 071 471 4930

## “O, AARDE!”: FLITS NO 24

## “WAT OP AARDE IS AAN DIE GANG?”

***Oom Gysbert sit op die stoep: moedeloos, radeloos, en kyk vraend na Dr Henk Strooiprater, ‘n jarelange besoeker op sy plaas in die Noordkaap. “Doktor, wat se raad het jy: hierdie droogte is al vir jare aan die gang? Vyf jaar laas behoorlik gereën!”. Hy weet dr Henk, as mondstuk van die GKSA se Deputate: Omgewing, het ‘n lewendige en ingeligte belangstelling in die natuur en natuurverskynsels. Hulle deel ook hulle “algemene ongetwyfelde Christelike geloof”.***

***Oom Gysbert vertel die fontein het opgedroog en sy spaargeldjies het hy bestee aan boorgate en pompe – maar ook die waterbronne is aan die afneem. Hy kon sy trop Dorpers vir twee jaar aan die gang hou met gekoopte voer, maar nou wil die kooperasie hom nie meer skuld gee nie. Van sy werkers is nog net ou Jan oor - hy moes vir die ander sê hy kan hulle nie meer betaal nie en hulle moet maar self uitspring, maar waarheen weet hy self ook nie. By al die kerke en in al die huise gaan gebede op vir uitkoms, maar: “… hoor God dan nie? Of kan hy nie iets doen aan die nood van die aarde, plante, diere en mense nie? Of bestaan hy nie rêrig nie?”. Oom Gysbert sê hy is vandag armer as toe hy 50 jaar gelede die plaas op skuld gekoop het.***

**Oom Gysbert:** “Wat op aarde is aan die gang, Doktor?”
**Dr Henk:** “Aardverwarming, Oom Gysbert. Dit maak dat die klimaat verander: sommige dele van die aarde word natter en ander droër. Suid-Afrika se westelike deel gaan droër word”

**O G:** “Aardverwarming? Waarvan praat jy, Dokter? Die aarde hier by ons was maar altyd warm! Ons ken droogtes en warmte – maar hierdie een …?”.
**H:** “Oom, die Here het die aarde en natuur in fyn balans geskep. Die temperatuur het van die skepping af altyd met ‘n paar grade gewissel - maar die gemiddelde binne menseheugenis het omtrent dieselfde gebly. Vanaf ongeveer 100 jaar gelede het die gemiddelde oor die hele wêreld vinniger opgeskuif sodat dit nou omtrent 1 graad Celsius warmer is. Dit het die skeppingsbalans versteur en ook die klimaat en weerpatrone. Oom is reg: hierdie warmte en droogte is anders as die voriges – ons kan maar sê: dis permanent, maar dis nie God se skuld nie: Hy laat ons maar net die gevolge ervaar van ons minagting van sy skeppingsorde”.

**O G:** “Maar wat maak dan dat dit warmer word?”.
**H:** “Mense. Ons word al meer en gebruik al meer goed om te leef. Maar om daardie goed te produseer word al meer natuurlike goed soos bome en ander plante en hulpbronne soos steenkool opgebruik. Juis hulle het die aarde koel gehou deur bv koolsuurgas te absorbeer en suurstof te produseer en koolsuurgas diep in die aarde vas te vang. Maar die ergste probleem is: om die goed te produseer waarna moderne mense soek, veroorsaak dat miljoene tonne gasse wat hitte vashou elke dag die lug ingestuur word – en dit vorm ‘n kombers om die aarde wat keer dat die hitte ontsnap. In Suid-Afrika word omtrent 9,5 metrieke ton koolsuurgas per persoon per jaar geproduseer!”.

**O G:** “Waarvan praat jy, Doktor? Ek produseer g’n koolsuurgas nie – en ook nie my bure nie!”.
**H:** “Is Oom seker? Elke liter diesel wat Oom se rygoed gebruik, stuur koolsuurgas die lug in. En SASOL wat vir ons die diesel uit steenkool maak, laat elke dag ongelooflike hoeveelhede vry. EVKOM wat die elektrisiteit produseer waarmee Oom se pompe hardloop, doen dieselfde. Elke skaap en bees op die plaas produseer metaangas, een van die ergste lugbesoedelaars. Daardie voer vir die skape word aangery met vragmotors wat elkeen vir elke 600 kilometers omtrent 34 kilogram koolsuurgas die lug instuur.

**O G:** “Wat moet ek dan doen? Die plaas laat lê?”.
**H:** “Nee, Oom: slimmer boer: in gelid met die skepping en natuur! Aanvaar Oom gaan vir die afsienbare toekoms meestal droë jare hê. Begin dus met sonskyn boer: in plaas van voer koop, koop ‘n plaat sonpanele! Wek Oom se eie elektrisiteit op en verkoop wat oortollig is aan EVKOM. Daar is boere wat sodoende na 3 jaar hul kostes vir sonpanele verhaal het en nou gratis elektrisiteit het waarmee hulle allerhande dinge doen en maak! Party kweek selfs met drupbesproeiïng blomme, voer en groente onder die panele.

**O G:** “Doktor, wil jy my nou vertel hoe om te boer? Wat weet jy werklik van boerdery?”.
**H:** “Baie min, maar ek vertel maar net vir Oom wat ek ander boere sien doen het. Ek is seker Oom kan dit ook doen: ‘n boer maak mos altyd ‘n plan!”.

**O G:** “Goed, Doktor, ek sal gaan kyk watse planne ander boere het”.
**H:** “Ek is bly, Oom. Intussen moet ons ander Christene kyk wat ons kan doen aan die groot nywerhede wat die grootste bronne van aardverwarming is. Slim mense sê dat tensy ons iets drasties daaraan doen, ons almal binne 30 jaar in ‘n onomkeerbare ramptoestand sal beland”.

***Op pad terug stad toe dink Dr Henk aan Paulus se raad in 1 Kor 7: dat “… elkeen leef in ooreenstemming met wat die Here aan hom toegedeel het, soos God elkeen geroep het”. Hy weet die Here het Oom Gysbert geroep om te boer – en daarvan moet hy nie wegvlug nie. Maar net so het God ook elke ander gelowige geroep om daar waar Hy hom geplaas Hom te dien en sy of haar werk te doen “… soos vir die Here …” (Kol:3:23,24). Maar die oorkoepelende verantwoordelikheid van elke mens is om die Skepper se tuin “ … te bewerk en te BEWAAK” (Gen 3:15).***

VIR MEER INLIGTING STUUR ‘N EPOS NA
kantoor@gksamissio.co.za
OF BESOEK ONS WEBTUISTE VIR ‘N LOKAAL NABY JOU
www.gksamissio.co.za

# FONDSINSAMELINGS / FUNKSIES / FEESVIERINGE

## GK STELLENBOSCH

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Hy wat by die Allerhoogste
skuiling vind
en die beskerming van die Almagtige
geniet,
hy sê vir die Here:
“U is my toevlug en my veilige vesting,
my God op wie ek vertrou.”
*Psalm 91:1 en 2*